

Skriflesing: Lukas 9:57-62; Jeremia 6:16

Teks: **Lukas 9:62; Jeremia 6:16**

Sing: **VOORAF SING – Ps. 18:1, 10**

TYDENS EREDIENS - Ps. 98:1,4; Ps.119:4,5; Sb. 6-1 (11):1,4,5,6 (Ps.145 se wysie);

Sb.1-1 (24): 6,7 (Ps.66 se wysie)

Lukas 9:57-62

Luk 9:57 Terwyl hulle op pad was, sê iemand vir Hom: "Ek sal U volg waar U ook al gaan."

Luk 9:58 Toe sê Jesus vir hom: "Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir sy kop nie."

Luk 9:59 Aan 'n ander een sê Hy: "Volg My." Maar hy antwoord: "Here, laat my toe om eers terug te gaan om my pa te begrawe."

Luk 9:60 Toe sê Jesus vir hom: "Laat die dooies hulle eie dooies begrawe, maar gaan verkondig jy die koninkryk van God."

Luk 9:61 Nog een het gesê: "Ek sal U volg, Here, maar laat my toe om eers my familie by die huis te gaan groet."

Luk 9:62 Toe sê Jesus: "Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie."

Jeremia 6:16

Jer 6:16 So sê die Here: **Staan by die kruispaaie en kyk, en vra na die ou paaie. Vra watter pad die beste is en loop dit, dan sal julle rus vind. Maar hulle het gesê: "Ons sal nie daardie pad loop nie."**

Skriflesing: Lukas 9:57-62; Jeremia 6:16

Teks: **Lukas 9:62; Jeremia 6:16**

Sing: **VOORAF SING – Ps. 18:1, 10**

TYDENS EREDIENS - Ps. 98:1,4; Ps.119:4,5; Sb. 6-1 (11):1,4,5,6 (Ps.145 se wysie);

Sb.1-1 (24): 6,7 (Ps.66 se wysie)

Ons kan dit nie een ontken nie, broeder en suster, dat ons almal het 'n manier om altyd maar weer te wil omkyk. In ons eie lewe is dit só, hoe 'n mens maar altyd kan terugdink aan wat was en wat nou nie meer is nie. Die mooie van die verlede het sy manier om mens by te bly. Ongelukkig ook die lelike.

Nie net het elke mens 'n gister nie, maar die verlede sit in ons kerk-wees ingebou. Ons gemeente is vanjaar reeds 140 jaar aan die gang. Daar is baie gisters in ons kerk-wees ingebou. In hierdie afgelope week kon ons weer daaraan dink, is hierdie kerkgebou in gebruik geneem. ... 16 Mei 1908, 115 jaar gelede is hierdie jonasklippe hier ingemessel. Gekap, gevorm, gepas, in die sement ingelê. Daar is nie teruggedeins om van die swaarste klippe hoog op te hys nie. In die meeste kerkgeboue is daar hoekstene ingemessel wat dit só duidelik maak dat hierdie kerk se verlede wil betekenis dra. Dit wil nie vergeet wees nie, dit mag nie vergeet word nie. Daar is ou paaie en ou mense. By die ou paaie het Jeremia ook sy volk gebring- *Staan by die kruispaaie en kyk, en vra na die ou paaie. Vra watter pad die beste is en loop dit, dan sal julle rus vind.*

Die ou paaie bring 'n mens dikwels by 'n kruispad waar jy dan moet vra na die beste pad. Hierdie vraag by ons voorbereiding vir die Nagmaal laat ons vanoggend onself hierdie belangrike vraag afvra ... is ek op die stadium van my lewe op die die beste pad... Die beste pad, geen beter pad kan daar wees as die pad waarop Jesus geloop het nie.

Op Jesus se eie lewenspad het Hy dit gesê, laat ons by ons voorbereiding dit Jesus ook weer vir jou duidelik maak ... *Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie.* -. Met hierdie paaie, hande en oë wil ek by hierdie voorbereiding die Woord verkondig met wat Jesus Self gesê het. 1. Eerste moet ons vra nou wat van die ou paaie?. 2. Tweedens moet nie agtertoe kyk nie, maar kyk vorentoe. 3. In die laaste plek sien ons hoe vêr ons vorentoe moet kyk. Jy moet die Koninkryk van God kan inkyk...

Wat van die ou paaie?:

Broeder en suster, ons moet besef die Here praat nie maar sommer in die algemeen nie. Daar is tye wat ons moet terugkyk. Dit hoor ons ook uit die Here se Woord. Hoe sal ek God ooit regtig kan ken as die Gewer van alle goeie dinge, as ek nie kan terugkyk en in ons verlede kan raaksien al die goeie dinge wat ons al uit die Here se hand ontvang het nie? Deur die verlede kan geen mens maar sommer net 'n streep deurtrek en maak asof ek met een byhaal die hele verlede kan afkap nie.

Die verlede soos Jeremia die volk opgeroep het, is beslis ook die ou paaie wat alleen uit dit wat as *ou paaie* bekend kon staan die kruispaaie vir die toekoms daar kon stel. As daar nie ou paaie was nie, dan was daar geen kruispaaie waaruit jy jou keuses sou kon maak nie.

Die grootste ou tyd, die Ou Testament, as daar nie so 'n testament was nie, dan sou die nuwe tyd, die Nuwe Testament nooit kon wees nie. Ons moet dit goed verstaan- Sonder die Ou Testament sou die Nuwe Testament glad nie kon wees nie. Die ou paaie van die Ou Testament, Jesus het daarop kom loop, nie met 'n totaal nuwe pad nie. Nee, op die ou pad wou Hy loop, daarom kom Hy uit Israel, daarom is sy aardse familie Jode, daarom het Hy ook 'n geslagslyn, 'n geskiedenis lyn, 'n openbarings lyn, glad nie los te maak van

die verbond lyne wat die aartsvaders Abraham, Isak en Jakob vasgemaak het nie. Elke deel van die Skrif wat wel vir ons Ou Testament Skrif mag wees, maar vir Christus het Hy juis die nuwe nie as plaasvervanger van die oue gebring nie, maar as vervulling van wat die oue reeds ingebou gehad het.

Mag ek dit dalk anders stel? Jesus loop die ou pad, maar op die ou pad trap Hy 'n totaal nuwe spoor wat geen mens nog voor Hom kon trap nie. God se Seun, sondeloos, regverdig, heilig, in alles aan sy Vader gelyk, maar in alles ook aan die mens gelyk, uitgesonder die sonde. En as Jesus op die ou pad die nuwe spoor wys, dan gaan dit nie oor 'n wegbreek van die ou paaie nie, maar dit gaan oor 'n wegbreek van die ou spore want op die ou spore sonder Jesus is dit 'n verdwaasde mens op 'n verdwaalde spoor..

Jesus wys drie voorbeelde van mense wat op verdwaalde spore beland het. Mense wat wel vra na die ou paaie maar hulle is nie bereid om nuwe spore te trap nie. Om op die wyse Jesus te volg, ook by ons voorbereiding sal dit nie reg uitwerk nie.

Jy kry die te geesdriftiges, dan kry jy die besluitelose, en dan kry jy die voorwaardelike, altyd voorwaardes wat hulle stel. Die geesdriftige is die man van vers 57- *Ek sal U volg waar U ook al gaan.* Jesus se antwoord mag dalk klink soos 'n beker koue water in sy gesig- Dit mag dalk klink of Jesus alle geesdrif demp met die antwoord van ... *Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir sy kop nie.* ... Wat Jesus vir die eerste man duidelik maak is om nie so angstig en heeltemal te vinnig te antwoord nie. Jy moet eers goed besef wat dit van jou sal vra om Jesus te volg. By hierdie voorbereiding moet ons dit ook goed raaksien. Daar sal altyd sekere nagevolge wees as jy die Here volg. As jy na jakkalse kyk of na voëls dan is 'n jakkals 'n draai-hardloper, 'n voël vlieg dikwels 'n sirkelgang, en so vorm hierdie diere altyd iets van 'n onrustige sirkelgang maar tog het 'n jakkals die plek waar hy rustig kan raak, die voëls het hul neste om heen te gaan, vir hulle is daar almal 'n rusplek in hul rusteloosheid, maar vir God se Seun sal daar in sy onrus nie 'n rusplek wees nie. Sy rus sou eers aan die kruis aanbreek, want die enigste plek waar Jesus se kop tot rus kon kom, was toe Hy sy asem uitgeblaas het. Sy kop het vooroor gebuig. As ons hier die Griekse

taal lees dan staan dit letterlik ... Jesus se kop het 'n rusplek gevind. Dit is die enigste plek in die Bybel waar die woord weer so voorkom, nadat Jesus gesê het, hy het nie plek om sy hoof neer te lê nie.

Die tweede man is die besluitelose- As die Here hom roep om Hom te volg dan wil hy eers sy pa gaan begrawe. Dit kon ook beteken dat sy pa tot die dood toe siek was, en dat die man meen hy sal nie iets anders kan doen as om sy pa te moet versorg tot die dag wat hy hom dan nou klaar sou kon begrawe het nie. Jesus verbied beslis niemand om aan sy ouers eer te betoon nie. Vir die Jood moes dit wees, agt ure nadat iemand gesterwe het, dan moet hy/sy begrawe word, maar wat die Here hier sê sluit al gedeeltelik aan by wat by die derde man nog duideliker sal uitkom.

'n Mens moet ook nie altyd met dit wat die dood is, en wat besig is om dood te gaan jou lewe wil volmaak nie. Mense wat aanmekaar begrafnis hou, terwyl Hy wat die lewe is hulle na Hom toe roep nie. Die dooies wat hulle eie-dooies moet begrawe sluit dan op dit wat geestelik dood is. Godsdienstige tradisies wat soos dooie reëls in stand gehou word, is dood. Laat dié wat dan dood is in hulle geloof hulle eie dooie goed begrawe, want wat help dit dat 'n mens tradisies wil lewend hou, maar jou geloof is eintlik dood?! Laat die dooies hulle eie dooies begrawe.

Vormgodsdien word dan voorop gestel, om alles volgens bepaalde gebruike en tradisies te doen, en so 'n mens kry dit selfs reg om hierdie gebruike so belangrik te ag, dat as die Here my vra om Hom op hierdie oomblik te volg, dan sal my begrafnis-tradisie belangriker weeg as die Here se opdrag- *maar gaan verkondig jy die koninkryk van God*. Wie by die begrafnis sal stilstaan volg by wyse van spreuke dan eerder die dooie tradisie as wat ek bereid is om die lewende Christus te volg.

Dit bring ons by hierdie derde man, wat dan ook ons tweede gedagte is, om nie met jou eie voorwaardes (en voorkeure) na die Here te wil kom nie. Die Here gee hom die opdrag om Hom te volg, maar Hy sal eers sien. As hy by die huis gekom het, dan sal hy sien of dit wel vir hom moontlik sal wees. Is die boerdery só, dat hy dit sal kan oorlaat, en

hy moet darem nog eers tyd kry om te kan afskeid neem. Daar is dalk nog baie ander belangrike dinge óók! Dit is die mens wat in sy navolging van Christus altyd eers sy eie voorwaardes wil stel. Die radikale antwoord van die Here is- *Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie.* Per implikasies is ons tweede gedagte ...

Ons moet kan vooruit kyk:

Jesus sê- Wie met 'n ploeg in die hand besig is om te ploeg, *en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie.* Dit is sterk taal. Om nie geskik te wees nie, is die Griekse woord- εὐθετός wat beteken so iemand is nie goed geplaas nie, hy/sy is uit pas uit en dan word dit 'n vraag na hoe bruikbaar is ek nog in God se Koninkryk?.

Ons het die afgelope week die hemelvaart van ons Here gevier. Vanaf sy kruis, vanuit sy graf, met sy opstanding, met sy nog 40 dae op aarde, tot met sy hemelvaart het Jesus in alles vorentoe gekyk. Jesus het Self die kruispale soos die handvatsels van 'n ploeg om Hom sien vou. Aan die kruis het Hy soveel te meer deur alles moes gaan, sonder om Een te wees wat gaan omkyk. Hemelvaart wys dit by uitstek ... Jesus beweeg die hemele in, en as mens kyk Hy nie om nie. Hy weet waar Hy nou moes wees. By sy Vader, aan sy regterhand, daar waar Hy nou vir ons intree. As Hy sou opvaar soos Een wat sou omkyk, soos Een wat maar eerder op hierdie aarde sou wou gebly het, dan het ons geen Voorspraak in die hemele gehad nie.

Ons moet dit ook goed raaksien, watter woordjie kom baie voor in hierdie man wat moet ploeg maar aanmekaar omkyk... Die woordjie “ek”. So een plaas homself/haarself gedurig in die middelpunt. So 'n mens wil die toekoms ingaan, maar dan wil hy/sy steeds hê dat die toekoms om hom/haar as mens moet draai. Een van die mees basiese vereistes in die grondwet van God se koninkryk is om raak te sien, hoe salig, hoe gelukkig is ek as ek weet hoe arm ek in myself is. Dit gaan om oorgawe, dit gaan om selfverloëning, dit gaan om bereid te wees om te dien, in plaas van om gedien te word. Dan het ons reeds kon begin ploeg met die ploegskare tot in ons derde gedagte-

Ons kyk en ploeg vooruit in die Koninkryk in:

Met die krag van die Heilige Gees kan mens voortgaan, sonder om aanhoudend om te kyk. Die Chinese het 'n spreekwoord wat sê dat die reis van duisende kilometers begin met die eerste tree. Dan het ons voor ons nie 'n hopelose einde nie, maar ons het 'n eindelose hoop. Die pad vorentoe sal nie roltrappe wees nie, daar sal maar nog altyd die trappe wees wat geklim moet word. Soms is dit selfs beter om God se Woord vanuit 'n rolstoel te verkondig as vanaf 'n preekstoel. So 'n preek-rolstoel het dan 'n stoel van hoop en volharding geword, waar 'n verlore seun sy krag kry, al het hy vanweë die sonde geswik, hy kry krag na kruis, al kom daar ook weer kruis na krag. Hy gaan na sy Vader terug. Die Vader wat 'n mens in elke moeilikheid help, wat nie noodwendig beteken ek word uit elke moeilikheid gehelp nie. Om my in die moeilikheid te help het baie keer dalk 'n baie groter doel as om my uit hierdie moeilikheid te help. By die gelykenis van die verlore seun besef ons die moeilike ouer broer was nog altyd vir die jonger broer daar, niemand se moeilikheid het maar net weggeraak nie.

Soos 'n mens sal struikel as jy rugwaarts deur die lewe gaan, so sal dit ook gebeur as jy aanmekaar jou rug op die Koninkryk draai. Daar moet in die Koninkryk as't ware in hierdie Koninkryk ingeploeg word. Dis soos die hoefysters aan 'n perd se poot, dis ysters maar dis die perd se spoor, so moet die gelowige die ysters wees wat die spore van die Evangelie in hierdie wêreld inploeg, ooptrap, ja dit moet met u lewe geïntegreer word.

As jy vandag by hierdie voorbereiding God se Woord hoor, verhard julle nie, want môre kan dit dalk te laat wees. Die vandag-mens sal met albei sy voete vas op die grond moet bly staan, want met die hemelvaart het daar iets besonders ook gebeur. Die manne daar op die berg vanwaar Jesus opgevaar het, hoor die hemelse boodskappers vir hulle vra- "*Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk?* (Hand.1:11). Letterlik in die Grieks kom dit uit dat die engele vir hulle vra het julle dan nou vir julle al starende na die hemel hier ingeplant. Die mens voor die onmiddellike hemelvaart moet skerp teruggebring word, weer na die aarde toe. Van net staar na die hemel sal die ploeg net so

min reguit gehou kan word, wat dan net so verkeerd is, soos hy wat nie vorentoe kyk nie, maar aanhou omkyk.

Mag ons diepste verlange by hierdie voorbereiding vandag dan wees om in God se Koninkryk diensbaar te wees. Dan is ek selfs tevrede met die plek wat ek nou in God se Koninkryk kon inneem, al is dit hoe anders as die plek wat ek dalk vroeër gehad het. Maar ek kyk nie om nie, want God sal weet watter plek nou die regte plek is waar ek inpas, en wat ek moet inneem om die ploeg sy reguit rigting te laat kry.

Ons gooi dus op geen wyse die verlede weg nie, dit kan hoegenaamd nie, maar ek kan ook nie toelaat dat die verlede 'n hindernis en belemmering mag word vir dit wat die hier en die nou van God se Koninkryk van ons vereis nie. Nee, die verlede moet 'n stimulus wees, 'n aansporing, 'n krag, 'n roepe na môre, want dan sien ek nie mense raak nie, mense van die verlede nie, maar ons sien God raak. Die God wat ons in die verlede ontmoet het, maar wat vir jou nou roep om nou saam met Hom te gaan. Weereens haal die eie-ek uit die verlede uit. Dan word die verlede, ja die oue paaie word dan 'n krag en stimulus om die toekoms mee in te gaan. Dan sien ek God raak, ons sien sy Sy magtige daade, Sy wonders, ja Sy openbaring van gister en vandag. God sal dan dié God wees wat vir jou sê- *"Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie."* Mag u daardie vroujie wees wat elke dag die stukkie paadjie tussen haar voordeur na die grootpad toe skoonvee, en sonder dat sy dit dalk weet is sy ook instrument in God se Koninkryk om die weg na die nuwe aarde voor te berei. Wie vee en wie ploeg, vir albei geld dit, as jy agtertoe kyk is jy nie geskik nie.

AMEN